# 26 *Saterdag*

**SKRIFGEDEELTE: GENESIS 24:10-18, 42-48, 57-59 (NAV)**
**FOKUSGEDEELTE: GENESIS 24:57-59**

**Rebekka – Wie op die Here vertrou, kan weet dat God se werk sal deurgaan**

Isak moes met iemand uit Abraham se geboorteland trou. So laat hy sy slaaf met ’n eed beloof om ’n vrou vir Isak in Mesopotamië te gaan soek. Hy stuur hom in die geloof dat God sal voorsien en sy engel vooruit sou stuur om die sending te laat slaag.

By die fontein buite Nahor se stad bid die slaaf om die leiding van die Here. Die tekens wat hy vra, hou verband met die soort meisie wat hy soek: gasvry (*drink gerus*) en hardwerkend (*ek sal vir die kamele ook water skep*). Die eerste meisie wat kom, is mooi, jonk, ’n maagd. Sy doen daarby net soos hy gevra het. Sy verbasing is groot om uit te vind dat sy familie van Abraham is. Wanneer hy om oornagplek vra, kom Rebekka se karakter nog sterker na vore.

Die slaaf wil dadelik Abraham se opdrag uitvoer. Hy vertel dat Abraham naby aan die Here leef en dat die Here sy engel saamgestuur het sodat hy juis Rebekka by die put moes ontmoet. Dit oortuig haar familie. Die saak kom van die Here. Die familie wil nog uitstel hê vir ’n afskeid, maar Rebekka is gereed om saam te gaan. Sy herken en erken dus ook die werk van God in die gebeure. Hierdie buitelandse meisie word later deel van die familieregister van Jesus Christus (Matt. 1).

Die lang verhaal in Genesis 24 wil ons verseker dat God in die behoeftes van sy kinders voorsien. Die hoogtepunt van God se voorsienigheid het in Jesus Christus aangebreek. Wanneer ’n mens opreg voor Hom lewe, kan jy seker wees dat Hy sy beloftes aan jou sal waar maak. Nogtans moet jy noukeurig voor Hom leef en na sy wil vir jou lewe vra. God is agter die skerms besig om jou werk/pogings te laat slaag. Hy werk nie altyd op opspraakwekkende maniere nie, maar gebruik gewone mense en alledaagse gebeurtenisse om sy doel met ’n mens se lewe te bereik.

Wie op Hom vertrou, kan weet dat God dit goed sal laat afloop.

*Sing: Psalm 105-1:1, 5*

*Ds. JF (Koos) Mouton (Potchefstroom-Mooirivier)*